DEEL 117 | WEEK 13 | 28 MAART 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# RUGBYHARTE KLOP STERK



"Ons almal het 'n rugbyhart – maak nie saak in wie se kant nie." Hierdie woorde was die gees van Hoërskool Heilbron se tweede Manne aand, aangebied deur OK Foods in samewerking met Hoërskool Heilbron waar 240 manne van regoor die Riemland bymekaar gekom het vir 'n aand van inspirerende verhale, rugbypassie en broederskap. Die gaste is bederf met insigte van gesoute Springbokspelers Duane Vermeulen, Elrigh Louw en Johan Goosen, asook die hoofafrigter van die junior Vodacom Bulle, Wessel du Plessis. Hulle het openhartig oor hul loopbane gesels en hoe hulle die toppunt van Suid-Afrikaanse rugby bereik het. 'n Interessante feit wat uitgelig is, is dat Vermeulen en Goosen hul eerste toetswedstryd in Perth op 8 September 2012 teen Australia gespeel het. Ongelukkig het 'n ernstige besering Goosen se loopbaan kortgeknip.

Elrigh Louw, tans met 'n kniebesering, is 'n jong talent wat reeds deur die rugbywêreld raakgesien is. Hy het sy rugbyreis by Hoërskool Transvalia begin en vinnig naam gemaak as 'n uitsonderlike speler. Wessel du Plessis, met 'n duidelike passie vir afrigting, het waardevolle wenke met afrigters gedeel oor hoe om spelers se spelpeil te verbeter.

Vroeër die dag het die gassprekers ook 'n rugbykliniek aangebied. "Ons kyk watse vlam daar in die jong manne sit," het Vermeulen opgemerk. Die saal was vol energie en opgewondenheid, en dit was duidelik dat almal die aand terdeë geniet het.

Die aand is verder aangevuur met 'n veiling van verskeie rugby-memorabilia, insluitend 'n vlag wat in 1991 by Twickenham uitgestal was deur Gysie Pienaar en Gerrie Sonnekus, waar die Engelse Rose en die Franse Hane mekaar aangepak. Op die bannier het daar gestaan: "Springboks???." Wat gedui het dat 'n Wêreldbeker sonder die Springbokke nie 'n Wêreldbeker is nie. Die vlag is deur Albie Schoeman bewaar vir jare. Hierdie unieke stuk is deur Jaap Lee gekoop. Daar is ook fondse ingesamel vir Huis-Bron van Heil, wat die aand se gemeenskapsgees verder beklemtoon het.

Die heerlike kos, voorberei deur die ouerkomitee van Hoërskool Heilbron, was nog 'n hoogtepunt en het bygedra tot die gesellige atmosfeer. Dit is die tweede jaar wat Jaap Lee, eienaar van OK Foods, hierdie geleentheid gereël het as deel van 'n fondsinsamelingsprojek vir die skool. Die skool is ongelooflik dankbaar en trots op die gemeenskap. Dis altyd lekker om te sien hoe 'n gemeenskap kan saam staan.

Met 'n kombinasie van inspirerende sprekers, ryklike rugbygesprekke en gemeenskapsamewerking, het die Manne aand van 2025 beslis 'n nalatenskap gelaat en bevestig dat rugby 'n sport is wat harte oor grense heen verenig.

*Op die foto: Duane Vermeulen, Johan Goosen, Willem Roets, Jaap Lee en Elrigh Louw*









# Downsindroomdag: Bewusmaking en Aanvaarding

Elke jaar op 21 Maart word Wêreld Downsindroomdag gevier om bewusmaking oor Downsindroom te bevorder en inklusiwiteit en respek vir mense met hierdie genetiese toestand aan te moedig. Hierdie dag is deur die Verenigde Nasies erken en word internasionaal gevier met verskeie inisiatiewe en veldtogte. Downsindroom is ‘n genetiese toestand wat veroorsaak word deur die teenwoordigheid van ‘n ekstra kopie van chromosoom 21. Dit beïnvloed mense op verskeie maniere, insluitend fisiese eienskappe en kognitiewe ontwikkeling. Alhoewel mense met Downsindroom uitdagings in hul daaglikse lewe kan ervaar, kan hulle steeds ‘n betekenisvolle en vervullende lewe lei met die regte ondersteuning en aanvaarding . Die datum, 21 Maart, is simbolies gekies omdat dit die genetiese basis van Downsindroom verteenwoordig – die derde kopie van chromosoom 21 (21/3). Hierdie dag bied ‘n platform om mite en wanopvattings te takel en om die regte van mense met Downsindroom te bevorder.

Daar is verskeie maniere waarop mense hierdie dag kan herdenk en ondersteuning kan toon:

• Dra kleurvolle of mismatch-sokkies Dit is ‘n wêreldwye veldtog om diversiteit en uniekheid te vier.

• Neem deel aan bewusmakingsveldtogte – Skole, werkplekke en gemeenskappe kan geleenthede reël om inligting oor Downsindroom te versprei.

• Ondersteun organisasies – Verskeie niewinsgewende organisasies werk om mense met Downsindroom te ondersteun deur opvoeding, gesondheidsorg en werkgeleenthede.


• Bevorder insluiting – Deur mense met Downsindroom in alle aspekte van die samelewing te verwelkom, kan ons ‘n meer ondersteunende en diverse wêreld skep.

Mense met Downsindroom is individue met unieke talente en vermoëns. Met liefde, ondersteuning en gelyke geleenthede kan hulle hul volle potensiaal bereik. Wêreld Downsindroomdag herinner ons almal daaraan dat diversiteit iets is wat gevier moet word, en dat elke persoon waarde het.

Kom ons gebruik hierdie dag om ‘n verskil te maak en ‘n meer inklusiewe wêreld te skep vir almal!

# UIT DIE PEN: Week 13





My gryse ou pa het altyd gefluit. Partykeer sommer ’n onsinnige liedjie, ander kere iets wat ’n wysie in jou laat draal het. Wanneer hy in sy werkswinkel was, lank nadat hy afgetree het, kon jy hom tot in die huis hoor fluit. Hy het ’n ou *draradio* in sy werkswinkel staangemaak, en dié was baie keer aan. Ek kan nie onthou dat hy saam gesing het nie.

Ek fluit soms hier in ons kantoor. Eendag het my vorige baas gevra of Pieter al by die kantoor was, want hy het hom hoor fluit. Nee, nee, sê ek, dis ek wat gefluit het.

“Ek het nie geweet dat vrouens ook kan fluit nie” sê hy toe. Jy sal verras wees!

Ek het een goeie dag deur Bloemfontein gery met Bohemian Rhapsody blêrend uit my kar, met die venster oopgedraai. In daardie jare kon jy nog waag om met jou oopgedraaide venster deur die stad ry.

Ek het met hart en siel saamgesing. Net so hard soos die musiek in die kar. Ek stop by ’n rooi verkeerslig. Daar stop ’n jong man langs my. Ek sìng, hy kyk. Later roep hy my deur die venster:

“Ek hou ook van Queen!” Die rooi lig word groen, hy lig sy hand en ek hou aan sing, maar hierdie keer met ’n glimlag op my singende bakkies.

Die oggend van 13 September 2018, toe ek my oë oopmaak, sing ek in my kop:

“Ek wens ek was cool soos Koos Kombuis
Dan sou ek jou my huisie by die see gaan wys
En in ‘n Mustang jou op Margate sit en vry…”

Totaal onvanpas, dink ek. Die enigste rede waarom ek dit onthou, was omdat my gryse ou pa daardie nag dood is.

Baie oggende is daar ’n liedjie wat in my kop nesmaak. Sommiges van hulle sing ek hardop, ander kere maal dit deur my brein. Partykeer is dit nie eers mooi nie, maar om een of ander rede is die CD op “herhaal” in my kop. Wanneer dit gebeur, noem ek hierdie simpel wysies “kopwurms”, want dit is asof dit jou brein klits. Later tot vervelens (of irriterends) toe.

En dan is daar musieke wat jou herinner aan lank gelede. Presies wat gebeur het, soms kan jy nog die gevoel proe en die reuke ruik toe jy daarna geluister het.

Wanneer ek na Bruce Springsteen luister, onthou ek nog die *garagepaarties*. Ek sien die simpel streamers wat van die dak af hang. Iewers is daar ’n tafel met ’n paar beskeie soutgoetertjies op. Die tafel het nie ’n tafeldoek op nie, maar ’n rol krinkelpapier.

Daar was meel op die vloer. Om een of ander rede. Ek weet nou nog nie hoekom nie.

Ons mag nie buitekant toe gegaan het nie, tensy jy sterk op pad was na die badkamer toe. Want net slegte meisies staan buite en vry. Of so het hulle gesê.

Daar was gekleurde liggies wat van een paal na die volgende gedrapeer was. Papier glasies met Oros in. Ja, geen drank nie. Ek dink nie dat iemand daaraan gedink het om drank in te smokkel nie. Dit was net nie gedoen nie.

Die *garagepaartie* het gewoonlik teen half sewe begin. Niemand het regtig gedans tot so half agt nie. Almal het teen die muur gesit en gewens die regte ou kom jou haal vir ’n dans. Die meisies het gewoonlik teen die een muur van die garage gesit, en die seuns aan die ander kant. Wanneer een van die seuns aan die ander kant opstaan, was dit ’n raai-raai speletjie oor wie hy kom vra om te dans. Sommiges was ook maar blêrrie aspris: hulle sou opstaan, reguit na die meisies toe loop en oogkontak maak met ’n meisie, wat solank haar hare uitpof, gereed vir die dans. Net voordat hulle by die meisies kom, sou hulle ewe skielik uitdraai en in totaal ander rigting loop.

Simpel goed.

Maar die doel van vanoggend se skrywe was nie om oor *garagepaarties* te gesels nie. Dit het eintlik oor musiek gegaan.

Vanoggend ry daar ’n jong meisie agter my. Ons stop by die rooi verkeerslig, en ek sien hoe sy oop-bek sing. Sy wys met haar vingers na bo en lig haar hande ook. Iewers skud sy haar kop woes soos sy saam sing.

En ek wens dat ons elkeen met ’n lied in die hart ons werksdag begin. Selfs al is jou werk soos ’n berg wat voor jou lê. Ek is seker dit sal die dag beter maak. Dit hoef nie ’n ke-tjieng-ke-tjieng-die-wasmasjien liedjie te wees nie. Dit hoef nie eers ’n treffer te wees nie. Maar dalk net ’n liedjie wat in jou hart resoneer.

Partykeer kom ek in die middel van die week agter dat ek besig is om ’n liedjie, wat ons Sondag in die kerk gesing het, te neurie. En dit bou my op en versterk my. Baie keer presies op die regte tyd.

Ek maak elke jaar vir my ’n spesifieke wens wat ek vir almal stuur wanneer hulle verjaar. Tot onlangs was my wens: “Mag jy elke oggend opgewonde wakker word en elke aand dankbaar gaan slaap.”

Ek dink my wens vir hierdie jaar gaan wees: “Mag jy elke oggend met ’n lied in jou hart wakker word. Mag jy elke dag ten minste een keer uit jou maag lag. Mag jy met ’n glimlag gaan slaap.”

Die lekker hiervan is dat jy glad nie op die noot hoef te sing nie. Jy hoef nie musikaal te wees nie. Solank jy dit voel en hoor, is dit reg.

# DA-Raadslid bedank onverwags - "groot verlies"

DA-raadslid Saal de Jager, 'n bekende sakeman van Parys, het onverwags as Ngwathe-raadslid bedank. In sy bedankingsbrief kla hy dat die ANC-beheerde administrasie van Ngwathe hom toenemend dwarsboom in sy oorsigrol as raadslid. "Ek is onlangs toegang tot Parys se sukkelende wateraanleg geweier nadat my inspeksies dinge aan die lig gebring het wat die administrasie wil verswyg." Dit sluit in dat broodnodige chemikalië soms nie gebruik word nie eenvoudig omdat dit nie betyds bestel of aangekoop is nie. "Dis gevaarlik, want watergehalte is dan onveilig."

Hy het ook by herhaling daarvoor gevra dat die belangrike Staande Komitee oor Infrastruktuur gereeld vergader, soos in DA-beheerde munisipaliteite. "My versoeke daaroor is telkens ignoreer." Hy sê dit lei tot swak oorsig en voorkombare foute.

De Jager sê hy veg lank reeds vir 'n effektiewe kliëntediensplatform waarop inwoners klagtes oor munisipale dienslewering kan aanmeld. "Ons kry beloftes daaroor, maar niks gebeur nie." Hy sê raadslede spandeer dus ure lank aan klagtes van inwoners wat deur die munisipaliteit hanteer moet word, nie net bedags nie, maar selfs saans.

" Parys en Heilbron bly van die mooiste dorpe met groot potensiaal vir groei, maar dit word gekelder deur die verval van munisipale infrastruktuur." As eiendomsagent sien hy hoe huispryse negatief hierdeur geraak word.

"Saal is 'n puik raadslid," sê DA-koukusleier Carina Serfonfontein, " bedrewe veral in tegniese sake, wakker, entoesiasties - ons gaan hom mis." DA-raadslid Robert Ferendale beaam dit. " Saal huiwer nooit om oor te ry Heilbron toe om ons hier met veral tegniese probleme te help nie." De Jager se termyn verstryk aanstaande Dinsdag (31 Maart). Hy wil nou meer tyd aan sy eie sakebelange bestee.

Hy vertel hy het by die politiek betrokke geraak as voorsitter van die Ngwathe Waterforum. Hy wou later as raadslid meer doen, veral wat besoedeling en waterkwessies betref.

De Jager het na sy weermagopleiding 'n tyd lank by Anglo American se personeelafdeling gewerk, en in 1987 is Saal de Jager Eiendomme in Parys geopen. Daarna sou ook Parys Sekuriteit, Aquawin en 'n sonkragonderneming volg. Harcourts Parys is tans een van die oudste alleeneienaar eiendomsagenskappe in Parys, sê hy.

De Jager het in 1977 Springbokkleure in snelroei verwerf, en was tot 2019 voorsitter van Parys se Likkewaan-kanoklub. Die klub het jarelank een van die sterkste laerskoolspanne en die tweede sterkste hoërskoolspan by die SA kano-kompetisie ingeskryf. Hy is steeds erelid van die kanoklub.

## Huppel Trippel speel: "Ken jou kunstenaar"



*Op die foto agter vl: Ann van Zyl, Magdaleen van Rensburg, Nonna Roos en Martie Ferreira. Voor vl: Lien Wilken, Hettie van Tonder en Duif Fouché.*

*Wie was die Koning van Rock? Of wie is die jongman op die foto... sy verhoognaam laat mens dink aan 'n Engelse sinoniem vir geld. Uitgevang? Die eerste vraag was maklik genoeg; maar met die tweede een het daar 'n dawerende stilte geheers. Maar mettertyd kon almal uitkom by Johnny Cash. Die kunstenaars wat ontmasker moes word, was Elvis Presley, Johnny Cash en ons eie Carika Keuzenkamp. Dit was 'n heerlike vermaaklike oggend waarin spontaan saamgesing is aan die bekende liedjies wat deur die drie kunstenaars aan die wêreld bekendgestel is. Oor twee weke, op 8 April, is dit weer ons Rolstoeldag kompleet met pitstops en al. Kom kuier gerus saam.*






# Skoolkinders bring nuwe lewe aan dorpsbiblioteek se tuin




Die leerders van School of Destiny het onlangs bewys dat gemeenskapsdiens nie net 'n verpligting is nie, maar 'n ware geleentheid om 'n verskil te maak. As deel van hul gemeenskapsprojek het die Graad 4- en 5-klas, saam met drie vrywillige Graad 3-leerders, die dorpsbiblioteek se tuin skoongemaak en nuwe lewe ingeblaas in hierdie eens-verwaarloosde ruimte.

Die inisiatief het ontstaan uit die besef dat die munisipaliteit blykbaar die instandhouding van die biblioteek se tuin afgeskeep het. Met bossies wat meer as 'n meter hoog gestaan het, het dit duidelik geword dat iets gedoen moes word. Die skool het toe besluit om in te gryp en 'n verskil te maak, nie net vir hul eie gemeenskap nie, maar ook vir die biblioteek wat 'n belangrike sentrum van kennis en leer vir almal is.

Met hark en tuingereedskap in die hand, het die jong span hard gewerk om die tuin skoon te maak, onkruid te verwyder en die area netjies te maak. Hul toewyding en energie het 'n duidelike impak gehad, en hul werk is met ope arms verwelkom deur die bibliotekaresse, wat oorstelp was van dankbaarheid. Die twee dames wat die biblioteek bestuur, het die dag saam met die kinders in die tuin spandeer en hul opregte waardering uitgespreek vir die wonderlike poging.

Die skoonmaakprojek het toevallig binne National Library Week plaasgevind, wat die simboliek daarvan selfs groter gemaak het. Dit het gewys hoe skole en gemeenskappe saam kan werk om publieke ruimtes te verbeter en hoe jongmense reeds op 'n jong ouderdom geleer kan word om verantwoordelikheid vir hul omgewing te neem.

Hierdie projek is 'n bewys dat klein dade 'n groot verskil kan maak. Die kinders van School of Destiny het nie net 'n tuin skoongemaak nie, maar ook 'n gevoel van trots en samehorigheid in hul gemeenskap gekweek. Hopelik dien hul aksie as inspirasie vir ander om soortgelyke inisiatiewe aan te pak en hul dorpe en skole mooier te maak, een projek op 'n slag!





## Brandbeskermingsvereniging

Die vier plaaslike Brandverenigings het saamgesmelt
om die nuut gestigde
**Heilbron Brandvereniging** te vorm.
Die eerste vergadering sal op **10 April 2025**
**om 14:00 nm** in die **Boeresaal** plaasvind.

Johan Terblanche, voorsitter van Goudveld Brandvereniging sal ook die vergadering bywoon.

Verdere inligting volg later
of kontak
**Gerrit Viljoen 082 769 0344**



# Skenk bloed in Heilbron

Op Dinsdag, 25 Maart 2025, het die inwoners van Heilbron die kans gehad om bloed te skenk by die NG Suid Kerksaal van 13h00 tot 19h00. Die mikpunt vir die dag was om 'n rekord van 100 eenhede te breek, maar hulle het ongelukkig net 31 eenhede ontvang. Maart is tradisioneel 'n moeilike maand vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) weens die eksamens by skole en universiteite. Op hierdie manier is daar nie genoeg bloedskenk klinieke om die vraag na bloed te voorsien nie, wat die voorraad beperk. Ons wil almal herinner om te help om die bloedvoorraad op te bou voor die Paastyd. Deur bloed te skenk, kan jy mense se lewens red. Skenk bloed, red lewens. Maak 'n verskil vandag!





# Riëtte Marx het ...

Dit het Riëtte Marx sowat 64 jaar geneem om haar lewensreis hier op aarde te voltooi.

'n Lewensreis wat in 1961 hiér, op die plaas Bermuda, net buite die dorp, begin het.

Sy is op Heilbron geskool, gekatkiseer en kort daarna ook met haar skoolliefde, Gerhard Marx, getroud.

Uit hul huwelik van 46 jaar is drie kinders gebore en sy was ook die trotse ouma van 'n kleindogter en twee kleinseuns.

In die gemeenskap was Riëtte 'n vrou by wie min mense kon kers vashou.

Riëtte was nie 'n halfpadmens nie. Sy het die lewe voluit gestoomroller.

Sy het.

Jy kon haar hoor aankom, lank voordat jy haar gesien het en haar uitbundige lag het leemtes gevul - steeds lank nadat sy die perseel verlaat het.

Riëtte het jou vinnig op jou plek gesit.

Sy het.

Nooit het jy gewonder waar jy met haar staan nie. Haar hart was nie 'n moordkuil nie en haar standpunt nie onderhandelbaar nie. Sý het, sonder om te skroom, 'n ding op sy naam genoem.

Riëtte het in die gemeenskap gewoeker.

Sy het.

Stilsitoomblikke was nie deel van haar dag se taak nie. In haar lewe was sy aktief betrokke by die kerk, by die skool, by haar kinders, by al haar en Gerhard se projekte.

Riëtte het die kuns van naald en garing verstaan.

Sy het.

Min hande ken die glip-glap van 'n skêr oor materiaal soos wat haar hande het. En as jy al van haar groentesop geëet het, sal jy weet dat sy in die kombuis eintlik net so voorslag was.

Riëtte het berge vir haar kinders en kleinkinders versit.

Sy het.

Nooit het sy geskroom om haarself te na te kom sodat haar kinders die maan en die sterre kon hê nie. Weinig het sy vir hulle "nee" gesê. Soos 'n leeu sou sy tot die dood vir hulle baklei.

Riëtte het die grond waarop Gerhard geloop het aanbid.

Sy het.

Hy was haar gunsteling mens. Die as waarom haar wêreld gedraai het. Die rede waarom sy nog aanhou droom het. Hy was die enigste een wat dit kon regkry om haar vurige gees so dan-en-wan te tem.

Riëtte het die Here se hart geken.

Sy het.

En Hy ook hare. 'n Verhouding wat in nederige dankbaarheid tot dade oorgegaan het. En wanneer Riëtte Marx gebid het, het die aarde vir 'n oomblik stil gaan staan omdat jy God se stem deur haar "Amen" kon hoor antwoord.

Sy laat 'n groot leemte vir haar geliefde eggenoot, kinders, kleinkinders, familie en vriende.

*Ek het gemik*
*Ek het geland*
*Ek het gesorg*
*Ek het volhard*
*Ek het gevat*
*Ek het gelos*
*Ek het geslaag*
*Ek het genoeg*
*En ek het als gesien*
*En ek het als gehoor*
*Ek het my hart uit gespeel*
*En ek het soms verloor*
*Ek het gedink*
*Ek het geleer*
*Ek het gelief*
*Ek het verlang*
*En eendag as dit stil word,*
*en ek niks meer nog wil hê,*
*sal ek sonder twyfel in my hart, vir jou kan sê:*
*Ek het. Ek het. Ek het ..."* ***~ Laurika Rauch***




# Hoërskool Heilbron bied opwindende rugbykliniek aan

Hoërskool Heilbron in samewerking met OK Foods het verlede week vir die tweede agtereenvolgende jaar 'n opwindende rugbykliniek aangebied, wat deur spelers en afrigters van hoogstaande gehalte gelei is. Die kinders het die geleentheid gehad om onder leiding van Springbok Duane Vermeulen, Elrigh Louw en Johan Goosen hul vaardighede te slyp.

Die rugbykliniek het groot opgewondenheid onder die kinders en ouers veroorsaak, en almal het die dag terdeë geniet. Spelers het waardevolle wenke en tegnieke ontvang om hul spel te verbeter, terwyl ouers die geleentheid gehad het om die entoesiasme en passie van hul jong sportsterre te beleef.

Na afloop van die kliniek is die afrigters genooi om na 'n inspirerende praatjie deur Wessel du Plessis, die Junnior Bulle-afrigter, te luister. Hy het 'n paar waardevolle 'pointers' en 'tricks of the trade' met die afrigters gedeel, wat beslis 'n positiewe impak op toekomstige afrigting en spelontwikkeling sal hê.

Die sukses van hierdie rugbykliniek bevestig Hoërskool Heilbron en OK Foods se verbintenis tot sportontwikkeling en om jong spelers met die beste moontlike opleiding te voorsien. Daar word reeds uitgesien na volgende jaar se geleentheid!







# Heilbron Huis- & Tuinbou Vier Paasfees met Inligting en Inspirasie

Die Heilbron Huis- & Tuinbouklub het onlangs 'n spesiale Paasfees-vergadering gehou, waar lede nie net herinner is aan die betekenis van die fees nie, maar ook interessante feite en wenke met mekaar gedeel het. Die vergadering is geopen met 'n skriflesing uit Lukas 23:26, wat die belangrikheid van Paasfees in elke Christen se geloofslewe beklemtoon het. Tydens die byeenkoms is daar gefokus op die simboliek rondom Paasfees. Die wit kruis bo-op 'n paasbolletjie dui byvoorbeeld op Jesus se kruisdood en opstanding, terwyl die vier kwarte wat deur die kruis gevorm word, herinner aan die verspreiding van die evangelie. Paaseiers simboliseer die begin van lewe, terwyl die paashaas – hoewel nie 'n Christelike simbool nie – mettertyd gekoppel is aan vrugbaarheid en die vinnige verspreiding van die evangelie.

'n Interessante neiging wat al hoe gewilder raak, is die gebruik van "Easter Eggers"-hoenders se eiers. Hierdie ras lê eiers in 'n verskeidenheid kleure, van pienk en geel tot groen en donkerbruin. Hierdie kleurvolle eiers is ideaal vir dekoratiewe doeleindes en word dikwels deur kreatiewe huisvroue, blommerangskikkers en *binnehuiskunstenaars* benut.







Lede het waardevolle raad ontvang oor die gebruik van grondbedekkers om vog in die grond te behou en 'n estetiese voorkoms te skep. Van die gewildste opsies sluit in:


- **Swart mondogras:** 'n Immergroen, geharde plant wat in son of skaduwee floreer.
- **Vittatus mondogras:** Familie van die mondogras met gestreepte of groen blare.
- **Bugleweed:** 'n Vinniggroeiende plant met blou blommetjies wat goed aard in gefiltreerde sonlig.
- **Viooltjies:** Bekend vir hul pers, wit en roospienk kleure, en hulle saai hulself maklik uit.



*Swart Mondogras*



*Bugleweed*



*Viooltjie*

Sina Lombard het 'n demonstrasie gegee oor die gebruik van filodeeg, met spesifieke fokus op die gewilde Turkse gereg, baklava. Hierdie delikate nagereg, wat sy oorsprong in die Eerste Wêreldoorlog het, word met neute en heuning gemaak en is 'n gunsteling by feeste. 'n Paar sleutelpunte uit haar demonstrasie sluit in:

- Werk op 'n marmer- of glasblad om te voorkom dat die deeg vasklou.
- Gebruik 'n mengsel van pekanneute, okkerneute en pistache – hazelneute word vermy aangesien hulle te hard en vetterig is.
- Gebruik regte botter vir die beste smaak.
- Stroop moet effens dikker as water wees, maar nie so dik soos koeksisterstroop nie.
- Baklava kan rou gevries word en later gebak word.

Die vergadering is afgesluit met 'n praktiese werksessie waarin lede kreatiewe deurringe versier het met takkies, blomme, kunseiers, hasies en lint. Elke dame kon haar unieke skepping huistoe neem as 'n herinnering aan die spesiale geleentheid.

Die Heilbron Huis- & Tuinbouklub se Paasfees-vergadering was dus nie net 'n viering van geloof en tradisie nie, maar ook 'n bron van inspirasie vir huis-, tuin- en kombuiswenke. Die dames het met nuwe kennis, kreatiewe idees en heerlike smake huis toe gegaan.





*Foto bo: Filo-deeg bakkie.*
*Foto links: Sina Lombard*







*Die oggend is op 'n hoë noot afgesluit by 'n pragtige gedekte paasfees tafel met heerlike filo-geregte.*



*Op die foto vl: Sina Lombard (Spreekster) en Sannetjie Lombard (Tuinbou Bestuurslid).*



# KENNISGEWINGS

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer Nr T 3091/2004 passed by **MAITSE ISAAC LETSELA Identity number: 570210 5845 08 1** and **MASEKAMOTHO LEAH LETSELA Identity number: 640926 0605 08 1,** MARRIED IN COMMUNITY OF PROPERTY in favour of JAIME DELGADO FERREIRA Identity number: 700429 5590 18 1 UNMARRIED in respect of PORTION 1 OF ERF 76, HEILBRON, district HEILBRON, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Office of the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein Central, Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at HEILBRON this 24th day of March 2025.

**Applicant:**
**Van Der Merwe & Partners Inc.**
**Address: 47 Els Street, PO Box 58, Heilbron, 9650**
**E -mail address: merlaw@phillaw.co.za**
**Contact number: 058 852 2041**








**BESIGHEIDSURE**

Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdae: 09:00 - 12:00

Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON


JAARBEPLANNER
**2025**

**APRIL**
- 16 Apr. - Huis- & Tuinbouklub

**MEI**
- 13 tot 16 Mei - Nampo Bothaville
- 21 Mei - Huis- & Tuinbouklub

**AUGUSTUS**
- 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

**SEPTEMBER**
- 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
- 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
- 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub









## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller 081 849 1877**

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
- **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
- **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# SMALLS

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za





DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!




HERALD Sport

# Heilbron-rolbalspelers behaal brons in Noord-Vrystaat Pare Toernooi



*Op die foto vl: Hannalie Claassen, RJ Muller en Jan Coetsee (President van NFS).*

Die afgelope naweek het Hannelie Claassen, RJ Muller van die Heilbron Rolbalklub uitstekend gevaar in die Noord-Vrystaat Pare-toernooi. Die duo het 'n welverdiende bronsmedalje verower en net met twee punte die kans gemis om die finaal te haal.

Dit was 'n intense kompetisie met strawwe teenstand, maar die spelers het hulself goed gekwyt van hul taak.

Komende naweek sien Heilbron se rolbalspelers uit na die Valsrivier Enkelspel-toernooi wat in Kroonstad plaasvind.

Drie mans en vier damespelers van die klub sal aan hierdie gesogte kompetisie deelneem en hul slag teen van die streek se beste spelers wys.

Sterkte aan al ons spelers – Heilbron is trots op julle!




## BEDANKING

Dit is met groot dankbaarheid wat die AP Kerk Heilbron die volgende borge bedank. Sommige borge is jarelange getroue borge en ander is nuwe borge. Elkeen van hulle het dit moontlik gemaak dat nog 'n jaar se gholfdag 'n reuse sukses kon wees.


WESDAN
Louise HBG STOET

VAKANTE BETREKKING

Onderdele, Voorraadbeheer en Kontrolebestuurder

Minimum vereistes: Matrieksertifikaat; Rekenaargeletterd; Geldige bestuurslisensie; Goeie kommunikasievaardighede; Goeie menseverhoudings; Selfdissipline en organisasie; Vorige ondervinding sal voordelig wees.

**Posbeskrywing en Verantwoordelikhede:**

- Die beheer van die algemene admin wat gepaard gaan met die pos.
- Voorraadbeheer van die saad, chemikalieë en kunsmis op al die plase.
- Voorraadbeheer van alle onderdele, gereedskap en toerusting op die plaas.
- Bestellings,kwotasies en verkryging van onderdele en toerusting.
- Beheer van die dieselvoorraad en bestellings.
- Die byhou van inventarisse van die gereedskap.
- Die skoonhou en netheid van die werkswinkel, store en terrein.
- Die instandhouding van die wasplek, toerusting en skoonmaakmiddels.
- Vervoer van arbeid tussen plaas en dorp

Sluitingsdatum: 31 Maart 2025
Aanvangsdatum so spoedig moontlik
Alle CV's kan gestuur word na hbh@cartone.net



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 31 MAART 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 1 APRIL 2025**
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

NEWCASTLE Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930

**WOENSDAG - 2 APRIL 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

**DONDERDAG - 3 APRIL 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

**VRYDAG - 4 APRIL 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06



BOERE BANDE
Our quality is our pride!

24/7 SERVICES

BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES

Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261

Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337

Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866


Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Hendie 071 175 9807.